

21 September Numeri 20:1 -29; (Teks: 20:22-26)

Christus se dood plaas die dood van elke gelowige in 'n nuwe lig Die heel eerste hoëpriester van Israel gaan nou sterf, iemand wat talle offers moes bring - ook vir sy eie sonde en opstandigheid. Hoe roep die Ou-Testamentiese hoëpriesterskap in sy onvolkomenheid vorentoe na 'n hoëpriester wat nie in opstand teen God kom nie, een wat nie eiewillig optree soos Aäron nie, maar wat sou uitroep: "*Laat nogtans nie my wil nie, maar U wil geskied*". Iemand wat nie hoef terug te kyk op 'n lewe van sonde en mislukkings nie, maar wat aan die einde van sy lewe kon uitroep: "*Dit is volbring!*" Iemand wat in staat is om die volmaakte offer te bring - vir almal se sonde.

Daarom is die dood van Christus so kosbaar, so aangrypend: Hy sterf nie soos Aäron net die liggaamlike dood nie, maar ook die ewige dood in sy verskriklikheid. Die liggaam van die eerste hoëpriester van Israel het intussen vergaan. Maar die graf van die ware Hoëpriester, ons Here Jesus Christus, is leeg. Sy liggaam is nou in die hemel, want Hy het die dood oorwin.

Die eerste hoëpriester van Israel gaan nou sterf - 'n era is onherroeplik verby. Eleasar sy seun ontvang nou sy ampsklere. Is dit nie wat ons ook telkens beleef by die dood nie - die besef dat iets onherroeplik verby is? Die besef van die verbygaande aard van elke mens se lewe.

Maar by Israel was daar nie net die besef van iets wat onherroeplik verby is nie, maar ook die besef dat saam met die nuwe hoëpriester hulle 'n stap nader is aan die bewoning van die beloofde land. So moet ons ook in die lig van Christus se dood by elke graf besef - een stap nader aan die wederkoms van ons Here Jesus Christus. Een stap nader aan die finale oorwinning oor die laaste vyand - die dood. So is daar by elke dood hoop.

Ons weet dat die lewe maar kort is; ook my dag sal aanbreek. Aäron is ingelig oor die dag van sy dood. Wat sou jy doen as die Here vir jou, soos vir Aäron, gesê het: Gaan lê op jou bed want jy moet nou doodgaan? Sou jy dit verwelkom? Sal jy gereed wees daarvoor?

Sing: Psalm 116:5,8,10

Ds. P.H. Fick (Springs)